Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

2 November 2022
OB 47

Beste Ouers

Ons wil ons atlete wat aan die Bredasdorp Top-10 Byeenkoms gaan deelneem het, van harte gelukwens met hul pragtige prestasies. Baie geluk aan hierdie atlete, hul ouers en afrigters. Hulle het baie harde werk daarin gesit. Sien asb. hul uitstekende uitslae verder aan in die Montienuus.

Ons herinner u aan die Algemene en Ouerbegrotingsvergadering, wat op Donderdag 10 November om 18:30 in die skoolsaal plaasvind. Ons nooi ons ouers uit om hierdie belangrike vergadering by te woon, waar die voorgestelde begroting vir 2023 voorgelê sal word.

Die SBL het vir mnr. Gustav Hahn aangestel as 'n klasassistent in die Intersenfase. Mnr. Hahn beplan om onderwys te gaan studeer en ons sien daarna uit om hom by die skool te verwelkom in 2023. Die Presidensiële Jeug Werkverskaffingsinisiatief se rondte 4 begin weer in Februarie 2023. Ons is weer deel van die projek en verwag om binnekort 'n kortlys met name van die WKOD te ontvang, waarna onderhoudsprosesse sal plaasvind.

Ek het nagelaat om verlede week mnr. Dries du Toit se professionele agtergrond te meld. Hy is 'n regspraktisyn en hy is gekoöpteer op die SBL vir sy kundigheid op hierdie gebied. Ons is baie dankbaar dat hy bereid is om op hierdie wyse by ons skool in te skakel.

Ons het reeds gemeld dat me^{e} Brits en Zachariasse aftree. Mnr. Erasmus het 'n pos aanvaar by Laerskool Hugo Rust in 2023. Ons wens hom sterkte toe met sy nuwe loopbaan.

U sal opmerk dat die ontwikkeling van die nuwe sportveld mooi vorder. Daar is al heelwat voorbereidingswerk gedoen. Die besproeiing word tans uitgebrei na die sportveld. Dankie aan ons SBL wat hierdie reuse taak saam met Hoërskool Montagu aanpak.

My beste wense aan u vir die komende week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-6143080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 2 Nov	Werksafbakening na ouers o. 13 Krieket vs Bonnievale (weg)
Donderdag, 3 Nov	Laaste sportoefening
Vrydag, 4 Nov	GF Boeke huis toe Gr. R Kuierdag Idiomedag – Biblioteek Entrepreneurs (Prefekte)
Saterdag, 5 Nov	Mini-Krieketdag (Hexvallei) o. 13 Krieket vs Caledon (weg)
Woensdag, 9 Nov	Ouma en Oupadag
Donderdag, 10 Nov	Algemene en Ouerbegrotingsvergadering
Vrydag, 11 Nov	Gr. 1V Entrepreneurs Gr. 7 Laaste Saal

EKSAMENROOSTER

KWARTAAL 4 2022

SKOOLTYE

vanaf 16 Nov is

08H00 - 13H00

vir alle leerders

Dag	Datum	Gr. 4 - 6	Gr. 7
Woensdag	16/11		TEG
Donderdag	17/11		GESK
Vrydag	18/11		LO
Maandag	21/11		
Dinsdag	22/11		WISK
Woensdag	23/11	WISK	ENG
Donderdag	24/11	ENG	
Vrydag	25/11	AFR	GEO
Maandag	28/11		NW
Dinsdag	29/11	NWT	
Woensdag	30/11	GEO	EBW
Donderdag	1/12	GESK	AFR
Vrydag	2/12	PSW	D + VK

o. 13 Krieket

Op 26 Oktober het 2 Montiespanne teen mekaar gespeel.
Dit was ‘n harde wedstryd en almal het ‘n speelkans gekry.

Beste kolwers: Raydon Williams en Zack Roos

Montie Mini-Krieketdag

Die Montie Mini-Krieketdag is op Dinsdag, 25 Oktober aangebied. Laerskool Swellendam en Laerskool Ashton het ons besoek en ons uitslae was soos volg:

o. 7A	Wen 1	o. 7B	Verloor 2
o. 8A	Wen 1	o. 8B	Wen 2
o. 9A	Wen 1	o. 9B	Wen 1, verloor 1

Tennis

Ons tennisspan het op Donderdag, 27 Oktober teen Laerskool Ashton gespeel.
Die dogters wen beide die enkels- en dubbelwedstryde. Die seuns wen die enkels 4-2 en die dubbels wen 2 van die 3 wedstryde.
Mooi so, Monties! Baie dankie aan Me. Sugene Nel wat die leerders na Ashton vergesel het.

Bredasdorp Top 10 Atletiek

Laerskool Montagu het Vrydag, 28 Oktober deelgeneem aan die Bredasdorp Top 10 atletiekbyeenkoms. Altesaam 22 atlete het deelgeneem. Hier volg die uitslae:

Naam	Van	Ges	Oud	Item	Uitslag	Plek	ASA
Jenö	Jacobs	S	11	8 - 70mH	10.84	1	916
Raydon	Williams	S	13	45 - HS	1.68	1	875
Raydon	Williams	S	13	12 - 80mH	11.84	2	848
Zaun	Marthinus	S	13	42 - SG	48.06	1	843
Zack	Roos	S	12	40 - GS	12.28	1	822
Jenö	Jacobs	S	11	7 - HS	1.48	1	806
Zaun	Marthinus	S	13	15 - DG	45.19	1	792
Zaun	Marthinus	S	13	31 - GS	13.04	1	782
Jenö	Jacobs	S	11	22 - 100m	12.90	1	712
Jenö	Jacobs	S	11	39 - VS	4.61	2	711
Raydon	Williams	S	13	2 - VS	5.07	2	590

Die volgende trofeë is ook verower:

- Beste seunsatleet van die dag: Jenö Jacobs
- Beste o. 11 seunsatleet: Jenö Jacobs
- Beste o. 12 seunsatleet: Zack Roos
- Beste o. 13 seunsatleet: Raydon Williams
- Laerskool Montagu wen ook die algehele trofee vir skole met leerdergetalle onder 600.

BAIE GELUK MONTIES!

Laerskool Montagu bied die volgende geleentheid as vakature in 'n beheerliggaamaanstelling:

Biblioteek / Intermediêre- Senior fase opvoeder
1 Januarie 2023

Die geskikte kandidaat moet oor die volgende beskik:

- Intermediêre- Senior fase kwalifikasie en ondervinding
- Geldige SARO registrasie
- Biblioteek ondervinding
- Bewese kennis van KABV
- Tweetaligheid (Afrikaans en Engels)
- Bereidheid om in te skakel by alle aktiwiteite van die skool insluitend na-skool en naweek sport- en kultuur buite-kurrikulêre aktiwiteite

Stuur:

- Kort aansoekbrief
- Verkorte CV
- ID
- Bewys van kwalifikasie
- Volle akademiese uitslae van ISF graad kwalifikasie
- Bewys van SARO registrasie
- Polisieklaring (of bewys van aansoek)
- Name en kontak besonderhede van twee referente
- Twee getuigskrifte nie meer as twee jaar oud nie

Aan:

Die Skoolhoof
Laerskool Montagu
E-pos: montagu.prim@wcgschools.gov.za

Navrae: 023 6141640

Sluitingsdatum: 7 November 2022 om 12:00

- Die Beheerliggaam behou die reg om nie 'n aanstelling te maak nie
- Aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was indien u geen terugvoering vanaf die skool ontvang het teen 2 Desember 2022 nie.

Skoolgeld Betalings

Sonder volledige verwysings kan ons nie betalings korrek allokeer nie!

Betalers wat onlangs met die volgende verwysings inbetalings gedoen het moet asseblief **dringend** 'n epos stuur na monties@telkomsa.net met bewys van betalings, datums en bedrae:

- SKOOL VOOI
- skoolgeld
- hdn

Sonder hierdie inligting kan betalings nie teen 'n familie geallokeer kan word nie.

Rekenaargeld (R250 per kw) vir Kwartaal 4 is betaalbaar teen Vrydag, 4 November

Please help Ethan get to the World Champs

GLOW IN THE DARK SOKKIE
Fri 11th November
NG KERKSAAL

Gr. R - 3 (Monster Rave) from 6pm-7pm
R20 per learner

Gr. 4 - 7 (Sokkie) from 7:30pm to 9pm
R25 per learner

Niël se Huiswinkel will be stocking all sorts of glow in the dark goodies

WhatsApp Carla on 0832883619 with your child's name and grade to book.
Payment- cash at the door

Let me know if you need anything else.
Thanks and have a great day!
Carla Cole
0236143550